

VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

Vandag:	James Buckley, Louis Destroo.
Maandag:	John Bougas, Nicholas Esterhuysen, Jacques Labuschagne, Elza van der Westhuizen.
Dinsdag:	Freda Adams, Werner Engelbrecht, Karen Jurgens, Gerrie Oberholzer, Johan Rademeyer.
Woensdag:	Melanie Engelbrecht, Eugene Kilpert, Arina Kriel, Annita Meyer, Alisa Oberholzer, Irma Olwage, Adriaan Whitehead.
Donderdag:	Mickey de Reuck.
Vrydag:	Dewald Blatt, Alma Botha, Hannali Botha, Francois Brink, Irene de Vries, Lise Schneider, Julian Stanley, André van Zyl.
Saterdag:	Marietjie Coertze, Annatjie Kennedy, Anita van der Merwe.

Arbeidsbediening se Vrugte- en Groentemark

vind vanjaar plaas op **Saterdag 27 Januarie 2024 vanaf 08:30 - 11:00** by die **NG Moedergemeente Strand** se kerksaal (h/v **Fagan-en Brikheadstrate**.)

Daar sal ook die gewone basaargunsteling wees soos: Tuisgebak, Tee/Koffie, Pannekoek, Poeding, Plante, Wit Olifant tafel. Kom ondersteun hierdie goeie saak.

Kontakpersone:

At Kampman 083 776 5908,
Elsabe van Zyl 084 393 9898
Mariaan Herbert 082 358 9126



Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.



FAMILIENUUS

SONDAG 14 JANUARIE 2024

WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

09:00: DS. EWALD JANSEN VAN RENSBURG

SKRIFLESING: JOHANNES 1:43-51

TEMA: Die geheim van Jesus: Sigbaar, onsigbaar.

Kom drink gerus koffie / tee na die diens en kuier met mekaar.

Vandag se deuroffer: Bejaardesorg (Blignaut Fonds)

Die **Blignaut fonds** vir *Barmhartigheid aan Bejaardes*, een van die fondse waarvoor ons gemeente beskik, se doel is om spesifiek finansiële hulp aan bejaardes in nood te bied. Die geld in hierdie fonds kom van skenkings en twee deuroffers per jaar. Die diensgroep vir Barmhartigheid besluit hoe mense gehelp kan word. Ons werk ook baie nou saam met ander instansies / verenigings wat spesifiek na bejaardes omsien en na hulle uitreik. Baie dankie aan mense wat tot hierdie fonds bydrae. Wees asseblief verseker daarvan dat jy hierdeur vir bejaarde mense hoop gee op 'n pad wat vir hulle uitsigloos gelyk het. Jy help om bekommerde gemoedere in glimlaggende gesigte te verander. Kontak gerus een van die dominees as jy weet van 'n bejaarde wat moontlik gehelp kan word.

Volgende week: Barmhartigheid vir Gemeentelede

Leraars: Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za

Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130 Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00

Telefoon: 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za

Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51

Direkte Erediens-uitsendings: <https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/>

YouTube adres: <https://youtube.com/channel/UC6L00Ch0mvcwrmqkl1iWULA>

Carel van der Merwe-Beursfonds

Ons gemeente beskik oor 'n klein beursfonds waarvoor voorgraadse studente, wat lidmate is van die gemeente, kan aansoek doen.

Aansoekvorms vir die beurs is by die kerkkantoor en webblad beskikbaar. Bewys van registrasie vir 2024 asook die nuutste uitslae en 'n kort motivering moet saam met die aansoekvorm by die kerkkantoor ingehandig word.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 29 Februarie 2024.

Die fonds is die nalatenskap van Carel van der Merwe, een van die seuns van ons gemeente se eerste dominee, Gerjo van der Merwe.)

Ons bid vir mekaar:

Daar is 'n aantal lidmate wat geroepe voel om voorbidding te doen. Hulle ontvang die gebedsversoeke per *whatsapp* boodskap en kan onmiddellik daarop reageer.

As jy belangstel om deel van hierdie gebedsgroep te wees, gee jou naam en selfoonnommer by die kerkkantoor of stuur dit na 082 859 5646 (Hennie Fouché).

As jy wil hê dat iemand vir jou moet bid, is jy meer as welkom om 'n boodskap na dieselfde nommer te stuur.

Ouers van kinders wat in 2024 in Graad R - 3 is, word versoek om op Sondag 21 Januarie, 10:15 (direk na die oggenddiens) mekaar te ontmoet in die kerkgebou. Noem dit asseblief ook vir ouers wat dalk nie die Familienuus ontvang nie.

Die doel van die byeenkoms is om te gesels oor hoe ons die Sondag-skool vir hierdie groep kinders só kan inrig dat dit op die heel beste manier sal bydra tot hulle geloofsvorming en hulle liefde vir die kerk.

Kerkradsverkiezing

Daar is tans vier vakatures op die Kerkrad. By die Kerkradsvergadering van 30 Januarie 2024 sal weer kerkradslede verkies word. Gemeentelede word versoek om te bid vir hierdie verkiesing en ook om mede-gemeentelede te nomineer op die vormpies wat in die voorportaal en/of by die kerkkantoor beskikbaar is - voor / op Maandag 29 Januarie 2024, 12:00.

Geleentehede vir Diensbaarheid in 2024:

Bediening aan Bejaardes - Mount View

Bring 'n 7 minute boodskap aan inwoners in Versorgingsentrum

Elke Donderdag om 10:00 bring iemand van ons gemeente 'n baie kort boodskap aan die inwoners van Mount View - die versorgingsentrum agter Huis Vonke. Ons soek nou iemand wat een week van die maand sal waarneem. Jy kan kies of dit die tweede of vierde Dinsdag van die maand is. Indien jy meer inligting benodig of oorweeg om te help, kontak asseblief vir Cecile Perold (074 055 5062) of ds Hennie (082 859 5646).

Bediening aan Bejaardes - Besoek 'n Bejaarde

.... In huis, aftreeoord of versorgingsentrum (frail care)

Wil jy nie asseblief in 2024 jou tyd en jou vriendelikheid gee vir 'n bejaarde in ons gemeente wat alleen is en wie se lewe opgevrolk kan word met jou liefde en omgee nie? Gesels gerus met ds Hennie (082 859 5646) om te hoor wat dit behels en hoe jy dit kan doen.

Bediening aan ons gemeente

Hulp benodig voor & na ons eredienste

Ons benodig vriendelike gemeentelede om op 'n Sondagoggend ons gemeentelede en besoekers by die eredienste te verwelkom. Dan het ons ook mense nodig om te help tee skik na die erediens - al die voorbereiding hiervoor word gedoen, jy hoef slegs te bedien. Kontak asb. vir Lida direk by koster@nghottentotsholland.co.za of die kerkkantoor 021 852 5004.

As jy dalk 'n **Kassetspeler** het om te verkoop of te skenk aan iemand wat nog baie kassette het om na te luister, kontak gerus die kerkkantoor.

